Luistertoetse vir grade 11 en 12

Deur: Ezilda Fouché, Hoërskool Parys

Algemeen:

Luister is die sleutel tot enige intelligente reaksie op die wêreld om ons. Dit is uiters noodsaaklik dat leerders moet leer om in hul tegnologiese wêreld die vermoë te ontwikkel om te luister na dit wat betekenisvol is.

Verduidelik aan leerders dat luister noodsaaklik is in die kommunikasieproses.

Leerders moet onderskei tussen **luister** en **hoor**. **Hoor** is die fisiese aktiwiteit om klanke en geluide te onderskei. Hierteenoor is **luister** wanneer hierdie klanke in betekenisdraende eenhede omskep en in jou brein gedekodeer word.

Dit is raadsaam dat die leerders eers 'n luisteroefening as oefening doen voordat die formele assessering gedoen word.

Onthou dat graad 10 tot 12 se lengte van luisteroefeninge verskil. Graad 10 se luisteroefening bestaan uit 200 woorde, graad 11 s'n uit 300 woorde en graad 12's s'n is 400 woorde.

Hierdie toets is deel van leerders se formele assessering vir hul jaarpunt – maak dus seker hulle luister mooi.

Metode

- Leerders luister aandagtig na die eerste voorlesing van die teks.
- Leerders lees daarna deur hul vrae sodat hulle kan vasstel watter vrae gevra word.
- Leerders luister nou 'n tweede keer na die teks.
- Terwyl hulle luister, maak hulle luisteraantekeninge.
- Leerders skryf hul antwoorde netjies oor.
- Maak seker hul skryf genoeg, afhangende van wat elke vraag tel.

Graad 11 Taak 1

Leerders luister na die luisterteks "Red 'n nasie" uit die *Taalgenoot* van Winter 2014 en beantwoord die volgende vrae:

Red 'n nasie

Deur: Dorette Prinsloo

Staatslui en ander vernames stel beslis al hul intelligensie (of vermoedelike gebrek daaraan) ten toon wanneer hulle in die openbaar die woord moet spreek. As dit nie die president is wat bedrae en getalle in vreemde wiskundige notasie uitspreek nie, is daar ander wat lieg soos beskuldigdes (ek bedoel tandetrekkers). Hoe kan ons die jonger geslag kwalik neem oor wat húlle in toesprake kwytraak?

Enigiemand wat al debat of redenaars moes beoordeel, kan daarvan getuig dat selfs 'n antie met ordentlike Botox sal sukkel om haar gesig reguit te hou. So beoordeel ek die eerste keer in die redenaarsafdeling – Engelse redenaars vir Afrikaanse moedertaalsprekers. Ek moes geweet het ...

Nadat ek in gebroke Engels deur die sameroeper welkom geheet is, is die eerste spreker se naam uitgelees. Ná 'n lang stilte word sy weer geroep, net om deur 'n parate jong man in die rede geval te word: "Tannie! Tannie! Sy's nie hier nie. Sy't luise! Sy was gelukkig ook nie by die skool nie!" Die verrigtinge kon weer voortgaan nadat sy ma onder haar stoel uitgeklim en die gelag bedaar het.

'n Teruggetrokke meisie het die waarde van humor probeer verduidelik, maar dié standpunt het heel skeef uitgekom: "Humor help om spanningsvolle situasies makliker te ontlas ..." Wanneer hierdie spesie mekaar in die rede val, soos in 'n debatskompetisie, is dit nog 'n groter petalje! In 'n heftige gesprek oor die regering se (on-) vermoë om werk te skep, het 'n ontstelde meisie opgespring. Vasbeslote om die regering te verdedig, het sy haar voet met die pienk pantoffel aan (ontydige netbalbesering) stadig vorentoe gestoot: "So, jy probeer nou vir my sê die regering sit op hulle gatte! Hè!!!"

Wat kan jy doen? Die wag voor my mond werk ook vir 'n bekende vakbond ... gereeld op strike!

Graad 11 Antwoordblad Taak 1 Luisteroefening – Red 'n nasie

Naam en van: _____ Graad: _____

1. Waaruit kan jy aflei dat mense in alle lae van die samelewing in die openbaar blapse maak met toesprake? (1)

   _____

   _____

2. Wat word bereik deur die woorde "of vermoedelike gebrek daaraan" tussen hakies te plaas? (1)

   _____

   _____

Luister en praat

3. Waarom kan ons verstaan as die jeug vreemde dinge in hulle toesprake kwytraak? (1)

_____

_____

4. Wat beteken dit dat 'n antie met ordentlike Botox sal sukkel om haar gesig reguit te hou? (1)

_____

_____

5. Is die ellips gepas in die sin: "Ek moes geweet het ..."? Motiveer jou antwoord. (1)

_____

_____

6. Waarom het die parate jong man se ma onder haar stoel ingeklim? Wat sou jy gedoen het as jy die ma was? _____ (2)

_____

7. Is die uitspraak teenoor die kind wat luise het geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

_____

8. Waarom noem die skrywer dat dit juis 'n teruggetrokke meisie was wat die waarde van humor probeer verduidelik het? (1)

_____

9. Watter woord moes die meisie eerder gebruik het in plaas van "ontlas"? (1)

_____

10. Na wie word verwys as daar gepraat word van "hierdie spesie" wat mekaar in die rede val? (1)

_____

11. Watter waarde het die verwysing na die pienk pantoffel in die rubriek? (1)

_____

12. Watter enkele woord dui op die meisie se gedetermineerdheid om haar standpunt te ondersteun? (1)

_____

13. Wat word geïmpliseer deur die woorde: "Die wag voor my mond werk ook vir 'n bekende vakbond"? (1)

_____

14. Vervang die woord "strike" met 'n gepaste Afrikaanse woord. (1)

_____

[15]

GRAAD 11 TAAK 1
MEMORANDUM – RED 'N NASIE

	Antwoord	**Denkvlak**	**Punt**
1.	Die woorde: staatslui en ander vernames ✓ Of: die president✓	1	(1)
2.	Ekstra inligting word gegee, nl. dat hulle nie so intelligent is nie.✓	2	(1)
3.	Die jeug leer dit by die ouer mense ✓ OF As ouer mense sulke foute maak, kan kinders ook maar foute maak.✓	1	(1)
4.	Sy het gesukkel om nie hardop te lag nie.✓	1	(1)
5.	Ja. Dit laat die leser self die sin voltooi/betrek die leser/berei leser voor op wat gaan volg.✓	2	(1)
6.	Sy het haar vir haar seun geskaam.✓ Eie mening, bv. Ek sou ook skaam gekry het en my kind betig het.✓ Ek sou maar saam gelag het.✓ (enige aanvaarbare antwoord)	1/3	(2)
7.	Nee. Die arme kind kan dalk nie help dat sy/hy luise het nie.✓ Nee. Luise word juis gevind op skoon hare.✓ (enige aanvaarbare antwoord)	3	(1)
8.	Aangesien sy so teruggetrokke was, dra dit juis tot die humor by – 'n mens sou dit nie van haar verwag het nie.✓	2	(1)
9.	ontlaai✓	1	(1)
10.	Jeug of debatteerders✓	2	(1)
11.	Dra by tot humor – beklemtoon dat die spreker nie so ernstig opgeneem moet word nie. (enige aanvaarbare antwoord)✓	2	(1)
12.	vasbeslote✓	1	(1)
13.	Sy praat voor sy dink✓	3	(1)
14.	Staak/staking✓	2	(1)
			[15]

Luister en praat

Denkvlak	Aantal punte	Persentasie
1	6	40
2	6	40
3	3	20
Totaal	15	100

Graad 12 Taak 1

Leerders luister na die luisterteks "Ken jy rugbykaans?" uit die *Taalgenoot* van Somer 2015 en beantwoord die volgende luistervrae:

Ken jy rugbykaans?

Deur: Dorette Prinsloo

In Pretoria is dit Lôftus-Ôfrikôns en verder suid is dit net "rappie, Pappie"! Hoe ook, "rêkbie", "rappie" of die sogenaamde bondelsport vir onderpresteerders het talle metamorfoses tot gevolg. Die navolgers van die "orde van die ovaalbal" is anders.

'n Mens sou lank oor die (stereotipiese) intellektuele "toestand" van sekere rugbyspelers kon debatteer, maar dit bly 'n feit dat hulle nie almal breinchirurge sal word nie. By 'n skolerugbywedstryd was die haker moedeloos omdat die slotpaar nie betyds in die lynstaan wou spring nie. Hulle moes op 'n sekere alfabetletter in plekname reageer. Toe hy ergerlik vra waarom hulle wéér nie gespring het nie, kom die verontwaardigde antwoord: "Man, jy het 'Upington' geskree ... Dit was nie vir ons nie, want Upington begin met 'n A!" Dieselfde (on-) vermoëns kom na vore wanneer 'n oudstudent sy koshuispêlle beskryf: "As hulle tot by vyf tel, skree hulle: 'Stut! Haker! Stut! Slot! Slot!'" (Dit pas dalk by rugbywiskunde, wat bepaal dat 'n drie eintlik vyf is!) Voorspelers met blomkoolore skep ook nie die beeld van 'n voornemende metafisikus nie. Foei tog, en dan die rugbyname ... Ek kan my nie 'n Nobelpryswenner met die naam Bolla, Boom, Bakkies, Os of Vleis voorstel nie.

Die toeskouers raak totaal waansinnig. 'n Vrolike Matiestudent skree vir die dikkerige haker: "Hei, Nommer 2! Spoeg uit jou kamermaat!" Selfs die tingerige skrumskakel moes onder die skerp tonge deurloop: "Nommer 9, jou ma het gebel! Hulle het jou kuite by die huis gekry!"

Rugbydialek kom ook voor in grappe – Loftus is die grootste enjin, want as die Bulle uitdraf, is daar 60 000 "têppits" wat op en af spring! As die Cheetahs op hul plek moet kom, gaan staan hulle onder die pale. Die Kings is soos die Guptas: Hulle is skielik daar, maar niemand weet presies hoe hulle daar gekom het of wie hulle toestemming gegee het nie! Die Stormers is soos Robbeneiland: Jy lees net nou en dan in die geskiedenisboeke daarvan!

Die groot klip in die skopskoen is die skeidsregter (of "skynsregter"). Ek was nie bewus daarvan dat hulle almal in Worcester opgelei word nie, want de laaste een is blind: "Nee, man! Maak wakker jou hond!"

Tog werk dié towerbal soos gom wanneer die groen-en-goud opdraf.
Of jy in die Haaitenk bly, brul of nie van die vloer af eet nie, Rugbykaans
is 'n taal wat ons almal verstaan én liefhet.

Graad 12 Antwoordblad Taak 1 Luisteroefening – Ken jy rugbykaans?

Naam en van: _____ Graad: _____

1. Hoe word die woorde "rappie, Pappie" beklemtoon? (1)

   _____

2. Wat word bereik deur die woorde Lôftus-Ôfrikôns te oorrond? (1)

   _____

3. Met watter woorde verduidelik die skrywer grappenderwys die spel rugby? (Skryf drie opeenvolgende woorde neer.) (1)

   _____

4. Watter veralgemening word oor die intellektuele toestand van sekere rugbyspelers gemaak? (1)

   _____

5. Noem kortliks twee voorbeelde wat die skrywer gee wat daarop dui dat die optrede van sommige rugbyspelers nie altyd so slim is nie. (2)

   _____

   _____

   _____

   _____

6. Hoekom skep voorspelers met blomkoolore nie 'n beeld van 'n voornemende metafisikus nie? (1)

   _____

7. Waarom is rugbywiskunde nie logies nie? (1)

   _____

8. Word daar van stereotipering gebruik gemaak as daar gesê word dat iemand met die naam Bolla, Boom, Bakkies, ens. nie 'n Nobelpryswenner kan wees nie? Motiveer jou antwoord. (1)

_____

9. Verduidelik wat jy dink van die toeskouers se uitlatings oor die haker en die skrumskakel. (1)

_____

10. Watter verband is daar tussen die skrumskakel se fisieke voorkoms en dit wat die toeskouers vir hom geskree het? (1)

_____

11. Noem een grap oor 'n rugbyspan en verduidelik wat daardeur geïmpliseer word. (2)

_____

12. Watter idioom word gebruik om te sê dat iets iemand baie pla? (1)

_____

13. Verduidelik die geslaagdheid van die term "Rugbykaans". (1)

_____

[15]

GRAAD 12 TAAK 1 MEMORANDUM – KEN JY RUGBYKAANS?

	Antwoord	**Denkvlak**	**Punt**
1.	Die woorde rym/alliterasie. ✓	2	(1)
2.	Daar word gespot met die mense wat so praat. ✓	1	(1)
3.	Bondelsport vir onderpresteerders. ✓	1	(1)
4.	Hulle is almal maar dom.✓	2	(1)
5.	Die springers in die lynstaan het nie geweet hoe Upington gespel word nie. Hulle tel: stut; haker; stut, slot, slot. ✓	1	(2)
6.	Hulle voorkoms veroorsaak dat hulle nie baie slim lyk nie.✓	1	(1)
7.	Hoe kan 'n drie dan vyf punte tel – dit klink vir die leek of dit nie reg kan wees nie.✓	2	(1)
8.	Ja, op grond van die name word veralgemeen en aanvaar dat hulle dom is.✓	2	(1)

9.	Eie mening bv.: Ek dink dit is snaaks want dit is baie beskrywend – studente praat maar so.✓ Ek dink dit is gemeen/onvanpas, want daar word met die spelers gespot.✓ (Enige ander aanvaarbare antwoord wat leerder se mening weerspieël en gemotiveer is.)	3	(1)
10.	Hy is tingerig (m.a.w. hy is maer) en daarom het hy nie eintlik kuite nie. (Of soortlyke verduideliking.)	2	(1)
11.	• As die Bulle uitdraf, is daar 60 000 "têppits" wat op en af spring! ✓ – word geïmpliseer hulle is dom/swak karakter, ens.✓ • As die Cheetahs op hul plek moet kom, gaan staan hulle onder die pale✓ – word geïmpliseer hulle is gewoond aan verloor.✓ • Die Kings is soos die Guptas: Hulle is skielik daar, maar niemand weet presies hoe hulle daar gekom het of wie hulle toestemming gegee het nie! ✓– word geïmpliseer hulle het by die Super 15-rugby aangesluit, maar hulle hoort nie werklik daar nie.✓ • Die Stormers is soos Robbeneiland: Jy lees net nou en dan in die geskiedenisboeke daarvan! ✓– word geïmpliseer hulle verloor tans baie – hulle het lank terug (in die geskiedenis) gewen.✓ (enige een van bogenoemde met 'n verduideliking)	1/3	(2)
12.	Die groot klip in die skopskoen.✓	2	(1)
13.	Dit is geslaagd, want dit is 'n samestelling tussen Rugby en Afrikaans, m.a.w. die Afrikaans wat deur SA se rugby-aanhangers gepraat word.✓ (Nie geslaagd nie kan nie korrek gemerk word nie.)	3	(1)
			[15]

Denkvlak	Aantal punte	Persentasie
1	6	40
2	6	40
3	3	20
Totaal	15	100